DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES

Sedert 1819

3 April 2022

Erediensteye verandering

Ons herinner dat die erediensteye vanaf April tot September soos volg verander vir die winter, volgens die kerkkalender:

- Meditatiewe dienste – 08:00
- Oggenddienste – 09:30

BORG van die maand

FPG Makelaars

Unit 15, 102 Hole in the Wall, Main Road, Somerset-Wes

021 300 7033

lindie@fpgbrokers.co.za

083 415 0423

FPG Brokers (Pty) Ltd Makelaars (Edms) Bpk

Authorised Financial Services Provider / Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer FSP No. 44116 Registration No. 2012/119852/07

Gebedsonderwerpe

- Die skole wat heropen – bid vir die onderwysers, vir energie en wysheid om die nuwe kwartaal aan te pak. Bid ook dat die leerders hulle samewerking sal gee.
- Bid vir die soldate wat in die Oekraïne veg, baie van hulle jong dienspligtiges, wat geestelike en fisiese trauma opdoen wat lewenslank by hulle sal bly. Bid vir vrede.
- Vir ons land se hospitale, veral sommige staatshospitale waar dienste feitlik ineengestort het. Bid dat die gesondheidsowerhede die krisis ernstig sal opneem en bekwame mense sal aanstel om hospitale te bestuur.
- Bid vir al die enkelouers in ons land wat alleen hulle kinders moet grootmaak. Bid vir geduld, wysheid en ook vir finansiële voorsiening waar dit swaar gaan.

Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com

APRIL se deurkollektes

03 Apr: Alta du Toit skool
10 Apr: Gemeentebediening
10 Apr: Paassangdiens
15 Apr: Goeie Vrydag
17 Apr: Projek 22/23
24 Apr: Sinode: BADISA

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:

SnapScan

Snap here to pay

Works with

3. Kontantinbetalings & koeverte:

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeg gemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

Oggenddiens 09:30

Sesde Lydensweek

Baie welkom in vandag se erediens. Dit is lydenstyd, die aanloop na Paasnaweek wanneer ons die lyding en sterwe van Jesus herdenk en die nuwe lewe wat ons in Hom ontvang, vier. Baie welkom aan Ds Gawie van Broekhuizen vandag op die kansel. Hy staan in vir Ds Johan wat met verlof is tot 4 April. Mag die Here hom gebruik as effektiewe mondstuk vir sy Woord.

Ons wil tog weer mense wat in die omgewing woon en aanlyn ingeskakel is, vra om weer die eredienste fisies by te woon ter wille van die saamwees. **Roete na gestroomde eredienste:** Besoek die webwerf by https://ngkerksomersetwes.co.za/ **ÓF** gaan na Youtube en tik in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes". Die jongste erediens sal bo-aan die blad beskikbaar wees vanaf kort voor die erediensteyd.

Géén meditatiewe diens vandag. Meditatiewe dienste hervat weer 10 April om 08:00

Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Weekliks volgens die kalender
Volgende geleentheid: 8 April 2022
Koffie 05:15 Gesprek 05:30

Ons behandel James Bryan Smith se **"The Good and beautiful God"**.

Ons is op soek na 'n vrywilliger in ons gemeente wat bereid is om as Voorsitter vir die Helderberg Hospitaalprojek by Alisia Smit oor te neem. Kontak gerus vir Alisia vir meer inligting rakende dié projek by 084 855 8009

Voorbidding

- **Elsa Janse van Rensburg,** herstel na stent.
- **Christo Meyer,** met Yvonne se afsterwe.
- **Cecilia Bain,** oogprobleme.
- **Hans Otto,** operasie 4 April.
- **Lynette Dobson,** Helderberg Hospitaal.
- **Nicolette Stassen en haar kinders,** met André se afsterwe.
- **Jan Mynhardt,** oogprobleme.
- **Paula Cooke**, herstel na operasie.
- **Danie & Stephanie du Plessis,** herstel na operasie(s).
- **Buks van Zyl,** ongesteld na rugoperasie.
- **Chemie Prinsloo**, behandeling.
- **Elize Basson**, operasie 6 April.
- **Pieter Lerm,** gesondheidsprobleme.
- **Phillip & Renate Retief**, gesondheidsprobleme.
- **Johanna Grobbelaar,** gesondheidsprobleme.

Bybelstudie

Woensdae

Oggende (2-weekliks):
06 Apr 10:00 - kerk
Aande (weekliks):
06 Apr 18:30 - Patmos

Gebedsgroep

Woensdae
Volgende geleentheid
6 April om 09:00 - kapel

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!